Navrae
Enquiries Mr N.A. Daniels
IMibuzo

Telefoon
Telephone (021) 467-2483
IFoni

Faks
Fax (021) 467-2379
IFeksi

Verwysing
Reference 7/1/B
ISalathiso

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF 0016/ 2001

AAN:

ALLE AREA- EN KRINGBESTUURDERS, HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, HOOFDE VAN ONDERWYSINRIGTINGS EN VOORSITTERS VAN BEHEERLIGGAME

**PREPRIMêRE POSTE VAN OPVOEDERS: ONAFHANKLIKE SKOLE**

1. Belanghebbendes sal heel moontlik daarvan bewus wees dat die WKOD 'n stelsel uit die vorige bedeling oorgeneem het wat opvoedersposte by onafhanklike preprimêre skole ingesluit het. Daarenteen was daar onafhanklike preprimêre skole wat nie van opvoedersposte voorsien was nie.

2. Paragraaf 153 van die Norme en Standaarde vir die Befondsing van Onafhaklike Skole (Staatskoerant van 12 Oktober 1998) bepaal dat subsidies slegs betaalbaar is ten opsigte van grade 1 tot 12. Geen ander grade kom in aanmerking vir die subsidie nie. Volledigheidshalwe kan bygevoeg word dat die uitgawe verbonde aan preprimêrere opvoeders groter is as die totale subsidie ten opsigte van grade1 tot 12 by onafhanklike skole.

3. Die ongelykheid soos in paragraaf 1 hierbo aangedui en die inwerkingtrede van die Norme en Standaarde vir die Befondsing van onafhanklike skole met ingang van 1 Januarie 2000 het meegebring dat die WKOD die toekenning van opvoedersposte aan onafhanklike preprimêre skole in hersiening geneem het.

4. Goedkeuring is nou verkry waarvolgens geen opvoedersposte voortaan by onafhanklike preprimêre skole geskep word nie en bestaande poste met onmiddellike effek afgeskaf word soos in die geval van openbare skole. In die plek van die verlore poste sal die subsidie van R2 per leerder per dag tot 'n maksimum van R10 000, per jaar betaalbaar wees soos aangedui in Omsendbrief no. 4/98.

5. Die uitwerking van die maatreëls onder paragraaf 4 hierbo, is dat alle permanente opvoeders in preprimêre poste by **onafhanklike preprimêre skole** met onmiddellike effek as **botallig** geklassifiseer word. Hierdie opvoeders is dus voortaan onderhewig

maatreëls met al die regte en voordele wat aan botalligheid gekoppel is. Onder andere is hulle dus nou ook geregtig om die diens met die Onderlinge Ooreengekome Skeidingspakket (OOSP) te verlaat. Besonderhede hieromtrent is in 'n aparte omsendbrief bekend gemaak.

6. Die WKOD is terdeë bewus dat die maatreëls van hierdie omsendbrief as drasties beskou mag word. Belanghebbendes sal nietemin begrip daarvoor hê dat hierdie maatreël nog 'n stap is om 'n meer gelyke benutting van skaars bronne te bewerkstellig. Fondse wat beskikbaar word na poste afgeskaf is, sal gedeeltelik aangewend word om onderwys te subsidieer in verwaarloosde areas. Sodoende sal daar uitgebreide voorsiening wees aan daardie gemeenskappe wat in die verlede verwaarloos is en sal daar gevorder word op die pad van gelyke voorsiening. Hierdie maatreëls verseker ook voorts dat die WKOD nou voldoen aan die voorskrifte van paragraaf 153 van die Norme en Standaarde vir die Befondsing van Onafhanklike Skole en dat hy dus nou voldoen aan die verpligtinge wat volgens wet aan hom opgedra is.

7. Hoofde en bestuursliggame van onafhanklike preprimêre skole word versoek om alle opvoeders wat hierdeur geraak word gepas in te lig deur hulle die omsendbrief te laat parafeer en dateer as bewys dat hulle ingelig is.

C Gilbert

HOOF: ONDERWYS
DATUM: 02.02.01

Noted

21/2/02